ds. PJ Kriel 17.01.2016

Inhoud. God maak nie net ons foute reg, maar ook die liefde wat ons vir God het. Dit bevry ons van die twee geestelike stappe van moderne Christelikheid, eers redding deur bekering en dan godsvervuldheid deur goddelikheid.

Skriflesing Habakuk 2:4, Rom. 1: 16 en 17, Galasiërs 2: 17 – 3: 18; 4:6 en 7.

Teks Gal. 2: 20: Die lewe wat ek nou nog hier leef, leef ek in die geloof in Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.

Tema: God laat ons skewe liefde vir Hom reg en goed wees omdat Hy ons sy kinders gemaak het.

1.Christus verlos ons van ŉ ou tot ‘m nuwe lewenswyse. Die verlossing volgens die Woord van God gaan oor die Here wat vir ons ŉ nuwe manier om vir God reg te leef, skep.

Hierdie nuwe lewe waartoe ons verlos word, word in die Bybel regverdigmaking genoem. Ons mag nooit verlossing sien op so manier dat die Here ons net van ons foute en verkeerde dade verlos nie.

Verlossing is die wyse waarop God vir ons ŉ nuwe lewenswyse skep, ŉ nuwe manier om vir God reg te leef.

Hierdie nuwe manier van reg leef vir God stel Paulus in Gal. 2: 20 só:

die lewe wat ek nou hier leef, dit wil sê die nuwe lewe wat ek nou hier leef, is ŉ lewe wat geleef word deur geloof in die liefde van God.

Die nuwe manier van reg leef vir God gaan nie oor nuwe reëls nie. Dit gaan oor ŉ lewe met geloof in God se liefde.

2. Ons kan die prediking van hierdie nuwe regte manier van reg leef met ŉ voorbeeld verduidelik!

Hoe verwag ouers moet hulle kinders vir hulle reg leef? Wat is die regte lewenswyse wat ouers van hulle kinders verwag?

Kan dit wees dat ouers verwag die regte manier waarop hulle kinders moet leef is om altyd alles wat hulle vir kinders sê om te doen, reg te doen, of, om altyd aan die ideale en verwagtinge van hulle ouers te voldoen?

As dit die regte manier is waarop kinders vir hulle ouers moet leef, dan is dit so dat kinders nooit vir hulle ouers reg kan leef nie.

Dan moet hulle tevrede wees met hierdie tipiese houding, ons vergeef jou foute en aanvaar jou soos jy is, maar jy kan nooit vir ons reg leef nie.

3. Dit is nie die manier waarop ouers wil hê hulle kinders moet reg leef nie. Die regte lewe van kinders vir ouers is om saam met hulle ouers in hulle ouers se liefde vir hulle te leef.

Dit is mos 'n heeltelmal ander manier van reg leef!

Vergelyk die verskil: die een manier is om alles reg te doen wat vir jou gesê word, die ander manier is om in die liefde van jou ouers met hulle saam te leef as jou ouers en as kind vir hulle as ouers te leef.

Dit is die nuwe tipe lewenswyse wat Paulus in hierdie verse aankondig: 'n lewe wat vir God reg is omdat jy saam met Hom en vir Hom as God leef binne die liefde wat Hy vir jou as God het.

4.Dit word nog duideliker as 'n mens gaan kyk wat in die Grieks staan – in die Grieks staan daar nie die lewe wat ek nou nog hier leef nie, maar

“En wat ek nou in die vlees leef”.

Op die meeste ander plekke in die boek Romeine het die vertalers hierdie Griekse woord “vlees”, vertaal met ons “ons sondige natuur”.

Wat se tipe lewe ons nou hier vandag elke dag?

Dit is 'n lewe in die vlees. Dit is 'n lewe in en met ons sondigheid: ons sondige begeertes wat regtig deel van ons eie lewe hier vandag is, ons sondige gedagtes en woorde waarmee ons regtig veroordeel en seermaak, ons sondige gevoelens waarmee ons regtig die lewe verwronge maak en ons sondige besluit en optredes.

Dit is hierdie lewe wat Paulus dan stel as die lewe wat ons vandag hier leef: die lewe in ons sondigheid!

5.Daarom moet ons hierdie verklaring oor 'n nuwe manier van reg leef dan so stel: “Die lewe wat ek vandag nog in my sondigheid leef, leef ek in die geloof in die liefde van Christus wat my liefhet en sy lewe vir my afgelê het.

Hierdie tipe lewe is die nuwe manier van reg leef!

Om die lewe wat ek nog met my sondigheid leef, te leef in met die geloof in die liefde van die Here vir my en so met die Here saam te leef.

Daarom is die kwalifikasie wat maak dat die nuwe lewe reg is,

- nie lewe sonder om iets verkeerd te doen nie,
- maar om sáám te leef.

  Paulus stel hierdie saamleef met die Here so: “Ek leef nie meer nie maar Christus leef in my.”

6. Hoekom sukkel ons so om hierdie nuwe lewenswyse te hoor, te glo en daarin te leef?

Dit gaan oor die verkeerde opvatting wat ons oor verlossing of vergifnis van sonde het.

Die Kelte vir wie Paulus die boek Galasiërs geskryf het, het ook met hierdie misplaasde opvatting oor die Here se vergifnis geleef.

Hierdie verkeerde opvatting is nie sommer net oningeligtheid nie. Dit is godsdienstige dwaasheid. Dit is die goddelose manier waarop die Kelte glo en leef.

Hulle het hulle geloofslewe met die krag van die Heilige Gees begin en toe daarna wou hulle met hulle eie krag vir God verder leef.

Waaroor gaan dit?

Dit gaan oor die verskil om foute te maak, oortredings te begaan, te sondig, aan die een kant en dan aan die anderkant om gehoorsaam aan God se gebooie te leef.

7. Wat doen hulle?

Om vergewe te word glo hulle in die kruisiging van Jesus soos Paulus dit stel: hulle het in die geloof Jesus Christus aan die kruis sien hang en in Hom geglo om hulle sondes en foute en oortredings reg te maak. Om vergewe te word glo hulle die evangelie!

En toe die Here dit reggemaak het, het hulle vir die Here probeer reg leef deur die gebooie reg te gehoorsaam en deur hom en hulle naaste reg lief te hê.

Kan u sien wat hier gebeur?

Die Here maak die foute reg maar ons moet self reg leef vir die Here en die manier waarop ons reg leef vir die Here is om te doen wat Hy sê: ons moet self reg gehoorsaam en self reg liefhê.

So, waarvoor is die Here gekruisig?

Volgens hierdie wanopvatting is die vir ons sondes. Hierdie boodskap hoor en kan mense maklik glo, maar Jesus is nie net gekruisig vir ons foute nie.

Hy is ook gekruisig vir ons liefde en gehoorsaamheid. Dit is net hier waar ons van die bus af val. Ons wil altyd glo dat ons gehoorsaamheid en liefde vir God reg is maar net ons foute is verkeerd. Dit is nie waar nie. Die gehoorsaamheid en liefde wat ons vir God het, is nog altyd deel van ons sondigheid sodat die beste manier van ons gehoorsaamheid en die innigste toewyding van ons liefde nog steeds deel van ons sondigheid is.

Dit is die dwaling. Ons glo ons oortredings is verkeerd maar ons gehoorsaamheid en liefde is en kan ons reg doen.

Dit doen ons in eie krag. Liefde en gehoorsaamheid moet ons self reg doen wanneer die Here ons foute regmaak.

8. Hierdie dwaling kom in die Christene se lewe omdat hulle nie hoor wat die verlossing van die Here in die Bybel beteken nie. Redding is God wat ons regverdig maak

- uit geloof en tot geloof soos dit in Romeine 17 gestel word.

Die regverdigmaking is nie net uit die geloof nie, dit is ook tot geloof!

Wat maak die Here met sy kruisiging vir ons reg, net die manier waarop ons onreg pleeg, nie reg leef nie, foute en oortredings begaan

of

maak Hy ook die manier waarop ons gehoorsaam is en liefhet reg?

Dit is die besondere betekenis van die woord “regverdigmaking”, wat die vertalers so mee gesukkel het dat hulle dit met “vryspraak” vertaal het.

God maak alles reg, ons foute en ons gehoorsaamheid! Ons oortredings en ons liefde!

9. Dit kondig Paulus aan met ʼn vraag aan die Galasiërs: 3:5" Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of die evangelie glo?"

Die antwoord is duidelik wanneer ons in die Abrahamsbelofte van Esegiël soos Paulus dit aanhaal en uitlê in Galasiërs 3 kyk wat doen die Heilige Gees kragtig, Hy gee ons nie net reinheid van sondes wat ons gedoen het nie, maar Hy gee ons ʼn nuwe hart wat sy nuwe wet kan gehoorsaam. Hy werk so kragtig dat Hy ons ʼn nuwe manier van gehoorsaamheid en liefde vir God gee.

Hy maak ons gehoorsaamheid reg en Hy maak ons liefde reg. Die gehoorsaamheid en liefde wat ons in ons sondigheid mee besig is.

10. Hoe doen God dit?

Ons mag dit nooit so verstaan dat die Here ons die krag gee om lief te hê sonder foute en gehoorsaam te wees sonder oortredings nie.

Dan sou ons nie meer ons lewe in sondigheid geleef het nie.

Dit is heel anders. Die Here maak ons liefde wat vol sondigheid is en ons gehoorsaamheid wat vol oortredings is, die regte liefde en regte gehoorsaamheid vir Hom.

Hoe maak Hy liefde wat vol sondigheid en gehoorsaamheid wat vol sondigheid is, die regte gehoorsaamheid en die regte liefde?

Dit gebeur op die volgende wyse volgens Paulus: "Ek is saam met Christus gekruisig en nou is dit nie meer ek wat leef nie, maar Christus wat in my leef."

Christus vat my sondigheid en betaal daarvoor. Dan tel my sondigheid nooit weer nie al bly ek sondig. Maar baie belangriker, Christus laat die regte manier waarop Hy lief gehad het en gehoorsaam was, my eie wees. Hy sluit my so in by wie Hy is dat sy gehoorsaamheid en liefde my eie is.

Op hierdie wyse laat God my liefde en gehoorsaamheid vol sondigheid vir Hom die regte liefde en gehoorsaamheid wees: regverdig en volmaak vir God ook in die manier waarop ek vir die Here met die Here leef.

11. Dit is ʼn nuwe manier van reg leef!

Die ou manier van reg leef is om so te leef dat jou eie liefde vir die Here nie vol sondigheid is nie, dat jou gehoorsaamheid aan die Here nie vol sondigheid is nie. Dit

is soos Paulus sê in Gal. 3:13 dan is jou liefde en gehoorsaamheid reg omdat jy dit reg doen volgens die Here se wet.

Die nuwe manier van reg leef is anders!

Dit is die lewe saam met Jesus Christus, om ingesluit te wees in wat Hy gedoen het om oortredings weg te vat en gehoorsaamheid vol sondigheid vir God reg te laat wees.

Wie God liefhet en gehoorsaam is

- uit die geloof dat ons oortredings is reggemaak,
- is ook verbind tot die geloof dat ons liefde en gehoorsaamheid in Christus is vir God volmaak en reg.

Uit geloof en tot geloof! Nooit net uit die geloof alleen nie.

12. Paulus sluit hierdie verduideliking af met die aankondiging in Galasiërs 4: 6 "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van Seun in ons harte gestuur, in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak."

Kom ons kyk weer na hierdie bekende voorbeeld: hoe verskil die lewenswyse van kinders teenoor die lewenswyse van arbeiders?

Wanneer 'n werkgewer na sy arbeider of werknemer toe kom en vir hom vertel presies wat en hoe hy iets moet doen, dan verwag hierdie werkgewer dat sy werknemer alles presies sal doen soos wat hy gesê is.

Doen hy dit reg word hy betaal. Doen hy dit verkeerd word hy tot drie keer toe gewaarsku en dan afgedank.

Dit is soos 'n boer wat vir 'n arbeider sê hoe hy reguit vore moet ploeg en wanneer hy dan die laatmiddag kom kyk, sien dat die vore presies net so skeef geploeg is soos wat hy gesê het dit nie moet wees nie.

Hoe reageer 'n boer op hierdie skewe vore?

Hy is kwaad, grimmig, woedend omdat dit elke keer so gebeur en haal sy kwaadheid en grimmigheid onmiddellik op die arbeider uit vir sy onbekwaamheid en ongeërgdheid.

Daar gebeur ook baie keer iets heeltemal anders op so plaas. Klein boet sien hoe sy pa sukkel met die arbeid. Hy wil sy pa help met die boerdery en gaan en vat die trekker en gaan ploeg vir pa ʼn land om sy pa te verras met wat hy vir sy pa doen.

Laat middag kom pa en klein boet vat hom aan die hand en gaan wys hom wat het hy vir sy pa gedoen. En daardie vore is skeef geploeg.

Hoe reageer pa?

Hy vat kleinboet om die skouer, sê vir hom dankie en vertel vir hom hoe trots is hy op die werk wat hy gedoen het. Dan praat hy met hom verder oor die boerdery en wat hulle nog alles saam op die plaas gaan doen. So tussen in wys hy kleinboet hoe om vore reguit te ploeg.

13. Wanneer een skewe vore ploeg maak hy die boer kwaad maar wanneer ʼn ander dit ook doen, dan reageer hy met liefde! Die een jaag hy weg en die ander maak hom trots met een en presies dieselfde skewe vore.

Wat is die verskil?

Dit gaan oor twee verskillende maniere van reg leef.

Die een manier van reg leef is om vir God as Baas te leef. Dan moet jy doen wat Hy sê soos Hy dit sê en vir jou gehoorsaamheid word jy beloon en jou oortredings word jy gestraf.

Die ander manier van reg leef is om vir God as Vader te leef. Dit is tog die verskil wat Paulus aandui: arbeiders, slawe vir ʼn baas of kinders wat God aanroep as: “Abba” Vader!

Christus skep ʼn nuwe manier van reg leef deur God sy Vader ons Vader te maak. Nie deur ons mense te maak wat in die krag van God nie meer sondig is nie.

Deur God ons Vader te maak, met ons sondigheid, skep die Here hierdie nuwe manier van reg leef: om uit ons geloof in die liefde wat God ons Vader vir ons het, met Hom en vir Hom as ons Vader te leef.

Dit is ʼn lewe uit en tot die geloof dat God ons Vader is.

14. Watter kind van God kan nie so reg leef nie?

Met my sondigheid ploeg ek nog skewe vore, maar ek ploeg vir God my Vader uit my geloof in sy liefde waarin Hy Homself trots maak op wat ek uit die geloof in sy liefde vir Hom as Vader doen.

Met my sondigheid ploeg ek skewe vore vir my Vader want ek wil saam met Hom woon, leef en werk as my Vader.

Elkeen van ons kan en mag uit hierdie geloof en tot hierdie geloof vir God leef en met God woon – en dit is vir God ’n volkome en regte lewe van sy kinders met Hom.

15. Daarom moet ons breek met hierdie dwaasheid binne die kerk: God maak ons foute reg met vergifnis en ons moet ons lewe self reg leef!

Wat is dit anders as die lewe van slawe?

Die Baas maak ons foute reg maar ons moet alles dan self reg doen!

Ons mag nie in die geloof begin dat God ons vergewe deur sy krag maar dan eindig met ons moet in eie krag reg leef nie. Dit is die lewe van arbeiders. Dit is nie die lewe van God se kinders nie.

Uit geloof tot geloof!

Uit die geloof dat God ons oortredings vergewe verbind tot ’n geloof dat God ons lewe vol skewe vore wat ons vir en met Hom leef vir Hom volkome en regte liefde van sy kinders vir Hom laat wees.

Reg leef is vir God en met God leef in sy liefde, uit geloof en tot geloof in sy liefde.

Reg leef is nooit alles reg doen nie.

Daarom is die toets wat ons elke keer onsself moet toets oor of ons reg leef die volgende: leef ek uit die geloof in God se liefde vir my met en vir Hom

of

leef ek met die las om altyd alles reg te doen soos God dit sê, en omdat ek nie alles reg doen nie, kan ek nooit vir God regtig reg leef nie?

Hoekom wil jy vir God soos ’n arbeider leef as Hy jou sy kind gemaak het?

Leef uit die geloof in sy liefde vir en met Hom!

Notas op Bybeluitleg

- Habakuk Sleutelvers in Habakuk Hab. 2:4 Die kontras is tussen die goddelose se eiemagtigheid (Hoogheid 1: 7) en eiegeregtigheid (1:7) wat die bron van geweld en onreg is in die gemeenskap teenoor die regverdige binne die verbondsgenade van God. Vgl. 1:4, 1:13, die teenstelling goddelose en regverdige.
- Die kontras is nie tussen wie reg doen en wie verkeerd doen nie, maar juis die wat glo in eie mag en reg teenoor wat uit God se verbondsreg leef.
- Die reg van die wet van God staan teenoor die verdraaide reg (Rom. 1 verdraaide opvattings van afgodsdiens) van die goddelose: Hab. 1:4.
- Eiegeregtigheid en eiemagtigheid: 1:7 Goddelose is sy eie reg.
- 2:4 Regverdige leef uit sy geloof in God se verbondstrou teenoor goddelose wat sy eie reg en mag is.
- Die verband tussen ongeregtigheid en goddeloosheid soos in Rom. 1 wys in 2: 6-20. 1-18 ongeregtigheid en 19 goddeloosheid.
- God red sy Gesalfde en verbrysel goddelose: 3:13.
- Uit geloof lewe: glo nie die mag en reg van goddelose nie, maar verheug in heil van God. 3:18.

- Romeine 1: 16, 17.
- die uitdrukking “uit geloof tot geloof” wys dat God nie net foute regmaak nie maar ’n nuwe lewenswyse skep.
- Uit God se heilsdaad in Christus reggemaak van die onregtigheid, deur God se heilsdaad is my lewe vir en met God reg vir God deur die heilsdaad in Christus.
- Dit gaan dus oor die tweeledige en volle verlossing: van verkeerdheid verlos en tot ’n lewe wat reg is verlos, uit geloof reg van oortredings en deur geloof reg in my gehoorsaamheidslewe vir en met God. Dit val saam met onderskeid Rom. 1-4 en 5 – 10.
- Die Habakuk aanhaling is inhoudelik dieselfde leefwyse: uit geloof in God se verbondstrou is die lewe wat ek leef met en vir God reg.
- Die aksent in vers 16 is “krag” die kragdaad, magsdaad van God alleen (en dit was so) teenoor die eie mag en eie reg as eie krag van die goddelose in Rom.1:18-
  vir die goddelose is hierdie geloof in God se krag dwaasheid 1 Kor.1:17 WH Schmit.
- Die kontras Jode en Grieke gaan oor Joodse selfregverdiging en Griekse selfregverdiging in hulle regverdiging in wysheid, kennis of wetenskap.
- Nie skaam nie teenoor Joodse geestelikheid en Grieks- Hellenistiese se wetenskaplikheid.
- Hierdie uit geloof en tot geloof word uitdruklik in Galasiërs 3 aangespreek waar die Kelte ’n skeiding gemaak het van uitgeloof en tot geloof: oor die regstel van onreg en die reg laat wees van gehoorsaamheid aan God.

- Galasiërs 3 gaan oor die onderskeid krag van God Rom.1: 16,17 en eie krag.
- Die magsdaad van God is die gee van die Heilige Gees: die vervulling van die Abrahamsbeloftes soos in Ese.36:24-;
- In hierdie beloftes bewerk God die onskuld en reinheid van sondes en die nuwe gehoorsaamheid aan God, nie net reinheid van sondes wat gedoe is nie.
- Dit gaan dus oor die skeiding dat God ons uit geloof van ons sondes reinig maar dat ons die nuwe gehoorsaamheid uit ons eie regverdigmaking leef!
- Hierdie skeiding kom uit die goddeloosheid van eie krag, eie mag en eie reg teenoor God. (daarom die woorde onverstandig en betower)
- Daarom haal Paulus weer Habakuk 2:4 aan nes in Rom. 1 vers 17.
- Hierdie nuwe regte manier van reg leef beskyf Paulus reeds in Gal.2: 20: wat vertaal moet word die lewe wat ek in my eie sondigheid vir God leef, leef ek in die geloof dat ten spyte van die sondigheid my gehoorsaamheid aan God vir Hom reg is.

Prediking.

- Die saak wat aangespreek moet word, is dat mense glo in vergifnis van sonde maar ŉ geheiligde lewe sien as heiligmaking deur gehoorsaamheid aan die wet.
- Dit is die tipiese onderskeid van regverdigmaking en heiligmaking in die Pinkster- Charismatiese geestelikhede: eers word jy reggemaak en dan moet jy leer om heilig te leef.
- In die Woord van God is dit totaal iets anders: jy word uit die geloof reg gemaak tot ŉ geloofslewe waarin God jou lewe vir Hom reg laat wees deur Christus
- Daar kan geen teenstelling wees tussen regmaak en reg leef nie so asof God my reg maak en ek dan reg moet leef nie. Dit is weer ŉ sinergistiese geestelikheid van God se krag en my krag. Terwyl ons net uit die krag van God leef.
- Die kern vraag is dus: hoe leef ek reg vir God en die antwoord is uitgeloof en tot geloof, wat totaal ŉ ander tipe lewe is as om volgens die wet van God reg te leef.
- Daarom kan dit gestel word as om binne God se liefde met God saam te leef: dit is die verbondslewe met God wat Christus vervul en dit is iets anders as om vir God volgens sy wet reg te leef.
- Die regte lewe vir God is altyd nog steeds ŉ lewe in die “vlees” volgens Gal. 2: 20.